

Saterdag 10 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 5:1-7

Fokusgedeelte: Hosea 5:4

Verootmoedig, moenie net afsydig harder bid nie

Die volk Israel struikel in hulle verhouding met God. By Mispa het die koningskap begin (1 Sam. 10:17 ev.). Nou lei die konings hulle in afgodsdien, veral Jerobeam I. Tabor dui op die priesters (1 Kron. 6:77) met hulle onheilige houding teenoor hulle diens in plaas daarvan dat hulle die volk in gehoorsaamheid en toewyding aan God lei. Nou volg die hele volk soos by Sittim voor die intog waar hulle afgodsdien as hoerery beskryf is (Num. 25).

Die Here kla hulle aan dat hulle nie kennis het nie, *kennis* in die sin van persoonlike om-gang soos in die huwelik – die bekende beeld van Hosea se profesie. Hulle het nie liefde en toewyding aan God nie. Hulle gaan met meer offers Hom soek, maar godsdien sonder kennis is nie geloof nie. Hulle besef nie die halfhartigheid van godsdien wat die Here se hulp wil hê, maar nie toegewyd uit liefde aan Hom in sý wil leef nie.

Hy ken hulle egter: Hy weet wat aangaan (:3). Hy beleef dit as 'n hoergees wat die ver-bond met Hom verbreek. Hy moet help, maar hulle leef ongeërg oor sy wil. Die Here gaan straf. Hy waarsku omdat Hy nooit ontrou raak soos hulle nie. In trou is Hy aan hulle ver-bonde. Sy doel is dat hulle tot inkeer sal kom en lewe. Só getrou bly Hy dat Hy sy enig-gebore Seun gegee het sodat ons in geloof deur Hom waarlik nuut sal word in ons verhou-ding met die Here.

Wanneer omstandighede word soos in 4:2-3, moet ons besef dat die rede daarvoor te vind was in gebrek aan kennis van God, oftewel liefde en toewyding. Israel se antwoord was meer van dieselfde afsydige godsdien. Dit is soos wanneer ons net meer sal bid, groter byeenkomste sal probeer hou, maar nie ons lewenshouding teenoor God verander nie. God laat Hom nie vind (:6) in godsdien en gebede sonder selfondersoek nie. So 'n godsdien is halfhartig en kan nie ontrou regmaak nie. Die wese daarvan is die hoogmoed van selfregverdiging en die skuld op al die ander plaas, sonder om voor God te veroot-moedig. Nie gebede offer nie, maar in ons gebede ootmoedig onself offer. Dit is immers vir ons wat dit nodig was dat die Seun van God moes sterf.

Diep ingewortelde, sondige gewoontes is 'n struikelblok vir berou en inkeer.
Sing: Psalm 25-1:9, 10; 25-2:4, 5; 89-1:1, 6

Ds. Jan Malan (Burgersdorp)